

God se werk in ons is onverstaanbaar, onverklaarbaar

Daar is baie dinge in die Bybel wat ons nie kan verstaan of verklaar nie, maar wat ons moet glo. So iets is die wedergeboorte. Hoe moet ons God se werk in ons verstaan? Hoe moet ons dit verstaan dat bekering God se werk in my is en tog ook my verantwoordelikheid is? Selfs Nikodemus, die “bekende leermeester van Israel” (vers 10) moes vra (vers 4): “Hoe kan ’n mens gebore word as hy al ’n ou man is?”

Jesus vergelyk die werking van die Heilige Gees tydens ons wedergeboorte in ons met die wind (vers 8): “Die wind waai waar hy wil. Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waar hy vandaan kom en waar hy heen gaan nie. So gebeur dit met elkeen wat uit die Gees gebore is.” Daarmee sê Jesus dat die werk van sy Gees in ons onverstaanbaar en onverklaarbaar is.

Ons bely dus: “Die aard van hierdie werking kan gelowiges in hierdie lewe nie volkome begryp nie. Intussen is dit vir hulle ’n gerusstelling dat hulle weet en ervaar dat hulle deur die genade van God van harte glo en hulle Verlosser liefhet.”

Wanneer die wind waai kan ons die wind self nie sien nie, maar ons kan wel sien dat hy waai. Al kan ons die wind self nie sien nie kan ons wel sien wat hy doen. Hy laat byvoorbeeld bome se takke en blare beweeg. So het gelowiges ook die versekering dat al kan hulle die wedergeboorte nie verstaan nie, hulle wel wedergebore is.

Hoe dit gebeur het kan hulle nie verklaar nie, maar hulle kan die gevolge daarvan ervaar “dat hulle deur die genade van God van harte glo en hulle Verlosser liefhet”. Sonder die wedergeboorte sou dit immers onmoontlik gewees het. Elkeen wat van harte glo en die Here liefhet moet die Here dank vir die onverstaanbare, onverklaarbare werk van God se Gees in hom!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~